Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

APRIL 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OVERSTRAND SEWENDE ONDER SA SE TOPTIEN-MUNISIPALITEITE

Die onlangs bygewerkte Regeringsprestasie-indeks toon aan dat nege van Suid-Afrika se toptien-munisipaliteite in die Wes-Kaap gesetel is, met Swellendam bo-aan die lys en Overstrand in die sewende plek.

Hierdie indeks beoordeel al 234 plaaslike en metropolitaanse munisipaliteite in Suid-Afrika aan die hand van 15 verskillende kriteria, met dienslewering wat die swaarste weeg. Laasgenoemde omvat agt aanwysers met inbegrip van lopende water, elektrisiteit, sanitasie, gereelde vullisverwydering, formele behuising, gesondheidsfasiliteite, polisiedekking en toegang tot gehalte-onderwys.

Voorts word 'n munisipaliteit se kapasiteit, finansiële gesondheid en nakoming ook by die rangordebepaling ingesluit, en só ook aanwysers van ekonomiese ontwikkeling soos armoede, inkomste, werksgeleenthede en die area se werkloosheidskoers.

Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie sê Overstrand se prestasie kan sonder twyfel toegeskryf word aan beide werknemers en bestuur se koersvaste voorneme om optimale dienslewering te verseker, wat daarop neerkom dat elkeen sy of haar bes doen om seker te maak dat munisipale dienste en programme gehandhaaf word. Eweneens, het sy bygevoeg, was dit nie vir die ondersteuning en begeleiding wat deur die Wes-Kaapse Provinsiale Regering aangebied word nie, sou niks hiervan moontlik gewees het nie.

"Ons is egter bedag daarop dat sekere areas onmiddellike aandag verlang as ons ons posisie in die toekoms wil behou," het Botha-Guthrie bygevoeg. Volgens haar hou daardie areas veral verband met die styging in die werkloosheidskoers sowel as die skokkende toename in die getal leerders wat hul skoolloopbane staak voordat hulle Graad 12 voltooi het.

"As 'n munisipaliteit streef ons konstant daarna om die vlakke van diens aan ons gemeenskappe te verbeter, om 'n ekonomiese klimaat te skep wat beleggings lok en om 'n platform daar te stel wat tot die skep van lewensvatbare werksgeleenthede sal lei," het die Burgemeester gesê.

Vir 'n blitsoorsig van die mees onlangs gepubliseerde Regeringsprestasie-indeks, besoek http://city-press news24.com/News/here-are-the-best-and-worst-municipalities-20160228.

OPENBARE KENNISGEWING

SÊ JOU SÊ OOR OVERSTRAND SE VOORGENOME OORDEKKINGSONES

Kennisgewing geskied hiermee dat die Raad 'n proses geïnisieer het om area-spesifieke oordekkingsones by sy geïntegreerde soneringskema in te sluit.

Besonderhede rakende hierdie voorstel lê ter insae by alle munisipale kantore en openbare biblioteke in die Overstrand-gebied sowel as op die munisipaliteit se amptelike webwerf.

Let ook daarop dat die Raad van voorneme is om verskeie openbare gesprekvoeringsessies in die loop van April te hou om die voorgenome insluiting van oordekkingsones te bespreek.

Hou die plaaslike koerante en Overstrand se amptelike webwerf dop vir die datums, tye en plekke van hierdie gesprekvoeringsessies.

Intussen kan enige navrae in hierdie verband gerig word aan URBAN DYNAMICS WESTERN CAPE (EDMS.) BPK., Posbus 2445, Bellville 7535. So nie, skakel Urban Dynamics by 011 482 4131 of rig 'n e-pos aan jaco@udwc.co.za.

JONGSTE OOR BEHUISINGSPROJEK

In samewerking met die implementeringsagent, Motlekar, het Munisipaliteit Overstrand verskeie projekte van stapel gestuur om in die dringende behoefte aan volhoubare behuising in die area te voorsien. Soos per die munisipaliteit se mees onlangse vyfjaar- geïntegreerde ontwikkelingsplan is die voorsiening van behuising en volle basiese dienste 'n langtermyn-onderneming wat in fases geïmplementeer gaan word, met behulp van die befondsing wat deur die Wes-Kaapse Regering toegewys word.

As 'n aanvangsfase het die diens van alle persele wat vir behuisingsontwikkeling geoormerk is, in die 2014/15-boekjaar 'n aanvang geneem en is, met die uitsondering van Swartdamweg C2 en die behuisingsadminperseel, teen einde Maart 2016 afgehandel.

Die bou van topstrukture op Swartdamweg B sal in Julie 2016 'n aanvang neem en, volgende op goedkeuring van die Departement van Menslike Nedersettings, sal die bou van topstrukture op C2 sowel as die res van die persele na verwagting in die volgende boekjaar (2016/2017) begin.

Die verduidelikende tabel hieronder sit die vordering uiteen wat tot op hede gemaak is sowel as die beraamde datums van voltooiing:

2015/2016 PROJEK	**GETAL EENHEDE**	**VOLTOOI TEEN**
Mount Pleasant	172	31 Maart 2016. Oorhandiging vanaf April 2016 en daarna
Swartdamweg A	48	31 Maart 2016. Oorhandiging
Garden Site	58	Bouwerk het in Maart 2016 begin.
Admin Site tydelike hervestigings-area)	125	Bouwerk sal in April 2016 begin. Geen oordragte betrokke nie aangesien hierdie perseel vir vyf jaar as tydelike akkommodasie gebruik gaan word.
2016/2017 PROJEK	**GETAL EENHEDE**	**VOLTOOI TEEN**
Garden Site	58	Beraamde voltooiing teen Desember 2016. Oorhandiging vanaf Januarie 2017 en daarna
Admin Site (tydelike hervestigings-area)	125	November 2016. Geen oordragte betrokke nie aangesien hierdie perseel vir vyf jaar as tydelike akkommodasie gebruik gaan word.
Swartdamweg B	131	Bouwerk sal in Julie 2016 begin. Beraamde voltooiing teen Junie 2017
Zwelihle C2	132	Bouwerk sal in Julie 2016 begin. Beraamde voltooiing teen Junie 2017

"'N KIND WAT KAN LEES, IS 'N KIND MET 'N TOEKOMS"

- 'n leuse wat daartoe gelei het dat Mount Pleasant se biblioteek as die Beste Openbare Biblioteek: Kinderdienste aangewys is

'n Trotse hoofbibliotekaresse, Miralda Coert, het die toekenning aan Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, oorhandig tydens die Burgemeesterstvergadering wat op Woensdag 24 Februarie 2016 gehou is. Links van me. Coert is Areabestuurder: Hermanus, Mnr Don Kearny, en Direkteur: Bestuursdienste, me Desiree Arrison.

So vroeg soos 2011 het die personeel van Mount Pleasant se biblioteek met 'n leesprogram begin om verbruikers - veral kinders - se leesvermoë te verbeter. Aanvanklik het hierdie program gefokus op die leerders van die kleuterskool Vrolike Vinkies reg langs die biblioteek.

Die 60 kinders, tussen die ouderdomme drie tot ses jaar, het ouderdomsgepaste storie-ure bygewoon en kort voor lank is 'n verdere drie kleuterskole genooi om by die program aan te sluit. Deesdae word skole ooreenkomstig 'n rooster op 'n weeklikse basis besoek en daar word geraam dat sowat 300 kinders op 'n maandelikse basis by hierdie program baat.

Uit erkenning vir sy uitnemende prestasie en bydrae het die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport onlangs aangekondig dat Mount Pleasant se biblioteek as die provinsie se beste openbare biblioteek op die terrein van kinderdienste beskou word. Die Brooklyn openbare biblioteek en die Valhalla openbare biblioteek, beide in Stad Kaapstad, is in die tweede en derde plek aangewys.

BEVERLEY HILLS SE SPEELSKOOLTJIE KRY 'N NUWE KLEUR

Elke jaar wys Munisipaliteit Overstrand in sy begroting sowat R400 000 toe aan sy onderskeie wyke vir wyksgebaseerde projekte.

Wyk 2 in Gansbaai het gaan inloer hoe 'n voorheen-ondersteunde projek vaar en het toe besluit om self moue op te rol en te sorg dat hierdie verdienstelike fasiliteit tot sy volle reg kom.

Ter agtergrond, tien jaar gelede is die afdakke waaronder informele handelaars in die Hermanus-area handel gedryf het, afgebreek en daardie materiaal is toe gebruik om 'n sopkombuis vir Beverley Hills (Blompark) se werklose en behoeftige inwoners te prakseer.

Niemand kon egter voorsien dat daardie geprakseerde geboutjie, sowat 30 m², ook uiteindelik 'n speelskooltjie sou huisves nie.

Danksy amptenare en vrywilligers (waaronder 'n nie-regeringsorganisasie bekend as SHARE onder aanvoering van pastoor Frikkie Zeelie) het dieselfde tydelike geboutjie 'n totale gedaanteverwisseling ondergaan: Die asbesbinnemure is vervang, vensters en plafonne is aangebring en die gebou is binne en buite uitgeverf.

Hierdie projek, aldus die raadslid vir Wyk 2, Riana de Coning, dien weereens as bewys dat Overstranders bereid is om saam te staan en die kwesbares onder ons 'n veilige heenkome te bied.

Om meer te wete te kom van gemeenskapsgerigte projekte in die area waar jy woon, raadpleeg Overstrand se geïntegreerde ontwikkelingsplan deur www.overstrand.gov.za te besoek

HOE OM BELASTING VRY TE SPRING ÉN DIE PLANEET TE RED

- en ja, dis wettig!

In sy laaste begrotingsrede het Minister van Finansies, Pravin Gordhan, so in die verbygaan laat glip dat belasting op plastiek-inkopiesakke voortaan agt in stede van ses sent per sak gaan beloop.

Toe dit aanvanklik in 2004 deur die destydse Minister van Omgewingsake, Vali Moosa, ingestel is, was die idee met hierdie belasting om die middele te vind om herwinning en opvoedkundige programme te befonds wat alle gemeenskappe in staat sou stel om op 'n verantwoordelike wyse met plastiek-inkopiesakke weg te doen.

Tussen 2004 en 2014 het hierdie belasting 'n allemintige R1,2 miljard geïn, maar die hartseersaak is dat slegs ongeveer R200 miljoen werklik aan omgewingsverwante projekte bestee is.

Nietemin, deur bloot "nee" te sê vir enkelgebruik-plastieksakke kan jy nie net aan belasting bespaar nie maar ook die omgewing help - veral die seediere langs ons pragtige kus wat al te dikwels die ongelukkige slagoffers van die mensdom se onnadenkende gebruik van plastiek is.

Die oplossing is eenvoudig: Skaf vir jou 'n paar herbruikbare inkopiesakke aan wat weer en weer gebruik kan word. Oortuig dan jou familie, vriende en kollegas om dieselfde te doen.

Nog beter, as jy 'n onderneming bedryf, verklaar jou winkel 'n plastiekvrye sone.

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, draai geen doekies om dat sy van plan is om van Overstrand die eerste munisipaliteit in die land te maak waar nie 'n enkele plastiek-inkopiesak aangetref kan word nie.

Nou dat jy weet dat jy "wettig" onnodige belasting kan ontduik, waarom sluit jy nie sommer vandag nog by hierdie veldtog aan nie?

INWONER VAN VOËLKLIP VERDIEN WEER GOUD BY KONINKLIKE TUINBOUVERENIGING SE UITSTALLING VAN BOTANIESE KUNS IN LONDEN

Margaret de Villiers by die Koninklike Tuinbouvereniging se 2016-uitstalling van botaniese kuns in Londen

Overstrand is baie trots op Voëlklip-inwoner, Margaret de Villiers, wat onlangs haar tweede goue medalje by die Koninklike Tuinbouvereniging se uitstalling van botaniese kuns in Londen verower het. Nie net het Margaret Overstrand se naam hoog gehou nie, maar sy was ook die enigste persoon vanuit Suid-Afrika wat die eer verdien het om aan hierdie wyd erkende en hoogs aangeskrewe internasionale geleentheid deel te neem.

Net soos in 2013 het Margaret erkenning ontvang vir haar botaniese kuns en getroue vaslegging van die Erika spesies wat in Overstrand se bergagtige enklaves aangetref word.

Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het Margaret met haar prestasie gelukgewens en bygevoeg dat sy groot genot daaruit put "dat een van ons mense so 'n wye poel internasionale mededingers oortref het deur goud vir Suid-Afrika te wen".

Wel gedaan, Margaret, en dankie dat jy ons land en ons area op so 'n besonderse wyse verteenwoordig het!

JONG TJELLIS BELOOF OM TE BETOWER

Op Sondagmiddag 1 Mei gaan Overstrand Arts/Kunste (OAK) die uiters talentvolle jong Russiese tjellis, **ALEXANDER RAMM**, in konsert aanbied. Toe hierdie virtuoos met sy uitmuntende tegniek ons in 2012 besoek het, het hy gehore weggevoer na 'n wêreld waar geen woorde nodig is nie! Ramm sal begelei word deur die alombekende SA-pianis, **PIETER JACOBS**, wat self verskeie internasionale klavierkompetisies gewen het. Hulle gaan die Sonate vir Tjello, Op. 119 (1949) deur Prokofiev, Le Grand Tango vir tjello en klavier deur Piazzolla, die Sonate vir Tjello in D-mineur (1915) deur Debussy, asook die Sonate vir Tjello in D-mineur, Op. 40 deur Shostakovich uitvoer.



Alexander Ramm

Pieter Jacobs

Die konsert begin om 15:30 en kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Verdere navrae kan gerig word aan sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238.